



*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search

<http://ageconsearch.umn.edu>

[aesearch@umn.edu](mailto:aesearch@umn.edu)

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

*No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.*

# DIE RELEVANTHEID VAN VERSKILLENDSE TIPE REKORDS VIR BOERDERYSUKSES<sup>1</sup>

G H Düvel

*Profressor, Departement Landbou-ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria*

H G Brockman

*Bewaringsbeampte, Departement Bodembeskerming, Durbanville*

J A Groenewald

*Departementshoof, Departement Landbou-ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria*

Teen die agtergrond van die algemene lae peil van rekordhouding onder boere, word die relevantheid of waarde daarvan in die konteks van boerderywingsgewendheid of -sukses ondersoek. Verskillende tipes rekords word beskoud en met ekonomiese maatstawwe van sukses in verband gebring. Alhoewel veral NBI per ha 'n duidelike verwantskap met rekordhouding toon, dui die gegewens daarop dat rekordhouding, alhoewel belangrik, nie allesoorheersend is nie, en dat die graad van gesofistikeerdheid dikwels as ontoepaslik vir die praktiese boerdery-bestuursituasie goperspieer word.

Against the background problem of general non- or poor recordkeeping, the value and relevance of record keeping is investigated in the context of farming profitability and success. Different types of records were investigated and related to economic measures of success. Although the NFI per ha correlates closely with record-keeping, the results indicate that record-keeping, although important, is not all that predominant and that the degree of sophistication of record-keeping systems is frequently perceived as inappropriate as far as the practical farming management situation is concerned.

## 1. Inleiding

Ten spyte van die feit dat 'n groot getal boere in Suider-Afrika in 'n ekonomiese wurggreep vasgevang is, word rekordhouding, volgens alle aanduidings, slegs beperk toegepas; en dit terwyl rekordhouding as essensieel vir goeie besluitneming beskou word. Die mening, naamlik dat rekordhouding en die goeie benutting daarvan 'n invloed op boerderywingsgewendheid het, word algemeen aanvaar. Daar is byvoorbeeld aangetoon dat die mate waartoe rekords gehou en vir beplanningsdoeleindes gebruik word, wesenlik verskil tussen finansiële suksesvolle en onsuksesvolle boere (De Wet et al, 1992). Dit blyk ook logies te wees teen die agtergrond van die bestuursproses en die moontlike rol wat rekordhouding in hierdie verband kan speel. Volgens Booysen (1982) sluit die bestuursproses die volgende in:

- ▶ Beplanning (inligtingversameling, besluitneming en koördinasie van besluite).
- ▶ Uitvoering (produksieprosesen toesighouding).
- ▶ Evaluasie (meting, vergelyking en knelpuntbepaling)

Rekords is, vanweë die riglyne wat daaruit bekombaar is, onontbeerlik vir effektiewe beplanning en bestuur van die produksieproses, en hulle voorsien ook 'n basis vir sinvolle evaluasie. Ook begroting, as essensiële onderdeel van finansiële bestuur, is kwalik moontlik sonder behoorlike rekords. So beskou is rekordhouding 'n integrale deel van die verskillende fases of stappe van die bestuursproses, insluitende praktyktoepassing en behoort derhalwe ook 'n invloed op boerderysukses of die ekonomiese prestasie van die boer uit te oefen.

Hierdie studie ondersoek die verwantskap tussen verskillende tipes rekords en boerderysukses, met die hipote-

tiese aanname dat rekordhouding 'n positiewe invloed op die ekonomiese prestasie van die boer uitoefen.

## 2. Navorsingsmetode en ondersoekgebied

Die navorsingsresultate is baseer op inligting wat d.m.v. 'n empiriese ondersoek versamel is met behulp van persoonlike onderhoudskedules by 70 boere en verteenwoordig 'n 30 persent steekproef van die Keetmanshoop-distrik in die suide van Namibië. Vanweë 'n lae gemiddelde reënval van ongeveer 172 mm per jaar en 'n plantegroei wat beskryf word as dwergstruiksavanna (Müller, 1971) is die drakrag besonder laag en word daar uitsluitlik met kleinvee geboer. Die gemiddelde plaasgrootte is 7 800 ha.

Die beoordeling van rekordhouding en ook ander praktyke is gedoen aan die hand van skale en/of maatstawwe wat in oorleg met kundiges opgestel is. Alle onderhoude is, met die oog op eenvormige beoordeling en betroubaarheid, deur een enkele persoon (die senior outeur) deurgevoer.

## 3. Resultate

### 3.1 Boerderydoeltreffendheid

As belangrikste maatstaf van boerderydoeltreffendheid of ekonomiese sukses is netto boerdery-inkomste (NBI) per hektaar gebruik op grond van die relatiewe homogeniteit ten opsigte van klimaat, weidingskwaliteit en drakrag. NBI per R100 kapitale belegging, hoewel 'n beter maatstaf vir ondernemingsukses, is nie gebruik nie weens moontlike sydigheid en relatiewe groot variasie wat as gevolg van die subjektiewe waardebeoordeling deur respondente kon ontstaan het. Die situasie ten opsigte van NBI per ha en van ander maatstawwe, naamlik die bate-lasteverhouding en solvabiliteitsverandering, word in Tabel 1 saamgevat.

Tabel 1: Die frekwensieverdeling van respondente volgens verskillende maatstawwe van sukses, Keetmanshoop 1988

Suksesmaatstaf	Skaal	Frekwensie	%
NBI per hektaar	< R3,00	25	35,7
	R3,00-R6,00	31	44,3
	> R6,00	14	20,0
Bate/laste-verhouding	1 : 0,5 en swakker	5	7,1
	1 : 0,3 - 1:0,5	7	10,9
	Beter as 1 : 0,3	58	82,9
Verandering in solvabiliteit (afgelope jaar)	verswak	14	20,6
	bly konstant	20	29,4
	verbeter	34	50,0

Die gemiddelde NBI per hektaar van R5,26 en gemiddelde plaasgrootte van 7 800 ha impliseer 'n relatiewe lae totale NBI (gemiddeld R41 028 NBI per plaas). Die variasie hierin is egter aansienlik, en dit ten spyte daarvan dat 'n groot mate van homogeniteit t.o.v. byvoorbeeld drakrag voorkom. Slegs 20 persent van die respondente behaal 'n bo-gemiddelde NBI per hektaar, d.w.s. bo die R3 tot R6 interval terwyl 35,7 persent 'n NBI van minder as R3 per jaar realiseer. Die verdeling is dus skeef; beide die modus en mediaan is kleiner as die gemiddeld, met 'n mediane NBI van R3,97 per hektaar.

'n Aansienlik gunstiger beeld word deur die bate-lasteverhouding weergegee, in die sin dat ongeveer 83 persent van die respondente se bate-lasteverhouding bo 3,3 is. Die relatief gunstige solvabiliteit is waarskynlik te danke aan 'n neiging van boere in die gebied om risikovermyndend op te tree en konserwatief te wees in terme van die opneem van krediet. Dit is noemenswaardig dat die finansiële situasie (verandering in solvabiliteit) tydens die opname jaar by 50 persent van die boere verbeter het, en die van 21 persent verswak het.

### 3.2 Aanvaarding van boerderyrekords

As aanduiding van die mate waartoe boerderyrekords aanvaar of gehou word, is respondente gevra om hul huidige rekordhouding volledig te bespreek. Op grond daarvan is elke respondent se rekordhouding deur die opnemer aangeslaan volgens 'n vooraf bepaalde 10-punt skaal. Die rekenkundige gemiddelde van die verskillende tipe rekords sowel as 'n frekwensieverspreiding volgens breë doeltreffendheidskategorie word in Tabel 2 weergegee.

Hierdie gegewens bevestig die aanname ten opsigte van die uitgangsprobleem, naamlik dat die peil van rekordhouding swak is. Dit word veral beklemtoon deur die gemiddelde skaalpunt aanslag (10 punt skaal) van 4,55 wat, indien as persentasie uitgedruk, slegs 39,3 persent is. Gemiddeld beskik slegs 22 persent van die respondente oor "goeie" rekords. Hierdie kategorisering verwys na 'n skaalpunt van 7 of meer uit 10, en impliseer dat daar selfs vir baie van hierdie respondente nog aansienlike ruimte vir verbetering is. Verder dien in aanmerking geneem te word dat nie alles wat respondente oor die gebruiks- of benuttingsfrekwensie van hulle rekords gerapporteer het, gekontroleer kon word nie en dat die betroubaarheid van die aanslag dus nie heeltemal bo verdenking staan nie.

Kontantvloeiëbegrotings word weinig gedoen en kan moontlik aan onkunde toegeskryf word. Die mees algemene hindernis deur respondente genoem is skommelings in insetkoste en inkomstes. Daar bestaan 'n persepsie dat die skommelings selfs binne 'n produksiejaar so groot is, dat 'n begroting ver verkeerd kan wees en die moeite

dus nie noodwendig geregverdig is nie. Die verskynsel dat bemarkingsrekords op 'n redelike vlak gehou word mag veral daarmee verband hou dat boere onder die Inkomstebelastingwet verplig is om rekords vir opgawe en kontroledoeleindes te hou.

Weidings- en voedingsrekords geniet 'n lae prioriteit en figureer oënskynlik nie sterk in bestuursbeslittingen nie. Verskeie respondente voer aan dat die hou van weidingsrekords onprakties is weens die gereelde voorkoms van droogtes. Baie respondente beskou ook voedingsrekords as 'n vermorsing van tyd omdat voeding in hierdie soetveldgebied beperk is tot droogte- en lekaanvulling op beperkte skaal. Die feit dat droogtes, volgens respondente se bewerings, gereeld voorkom, word in hierdie konteks oor die hoof gesien. Ook die waarde van inligting oor die omvang, waarde en koste-effektiwiteit van voeding, wat by wyse van rekords bekom kan word, word oënskynlik nie besef nie.

Die relatief lae gemiddelde waarde (4,69) wat aan teling in Tabel 2 toegeken is, kan grootliks aan die voorafgaande droogte toegeskryf word waar oorlewing die grootste prioriteit was. Karakoellammers wat met die aanvang van die droogte die hoofbedryfstak was, is geslag omdat daar nie weiding beskikbaar was vir vervangingsdiere nie. Telingsrekordhouding het grootliks as gevolg hiervan in die slag gebly. Aan die ander kant heers daar ook 'n persepsie dat telingsrekordhouding 'n aangeleentheid vir die stoetboer is aangesien van hom verwag word om die mees voortrefflike aantelddiere met meegaande stawende getuienis uit rekords te voorsien.

Volgens Tabel 2 word algemene bestuursrekords op 'n redelike vlak gehou, moontlik as gevolg van die waargenome nutwaarde daarvan. Minimum rekords oor byvoorbeeld lone en rantsoene is onontbeerlik en dit word deur die meerderheid boere besef. Finansiële rekords word op 'n bo-gemiddelde vlak gehou (gemiddelde skaalpunt 6,66). Hierdie verskynsel spruit waarskynlik ook daaruit dat boere deur die Inkomste- belastingwet verplig word om bewyse van inkomstes en uitgawes te lewer en dus rekords te hou.

### 3.3 Die verwantskap tussen rekordhouding en boerderysukses

Die tipe, omvang en peil van 'n boer se rekordhouding sal vermoedelik afhang van sy persepsies aangaande die relatiewe nut of voordeel wat hy daaruit verkry en die negatiewe nut of koste daaraan verbode. Hierdie persepsie ten opsigte van die aantreklikheid of nutwaarde van rekords sal grootliks afhang van die boer se siening oor hoe die kennis wat daaruit voortspruit sy inkomste of sekuriteit sal verhoog asook die waarde wat hy aan verhoogde inkomste en/of sekuriteit heg.

Tabel 2: Die huidige vlak van rekordhouding van respondente, Keetmanshoop, 1988

Tipe rekord	Gemiddelde skaalaanslag (10-punt)	Frekwensie per rekordhoudingskategorie (%)		
		swak	redelik	goed
Kontantvloei	3,80	70	20	10
Bemaking	5,60	34	49	17
Weiding	2,91	83	16	1
Siekte	4,03	70	3	27
Teling	4,69	54	13	33
Voeding	3,43	78	6	16
Alg. bestuur	5,29	50	17	33
Finansiële	6,66	31	27	42

Soos enige ander inset, is kennis - en aldus ook die kennis verkry uit rekords - onderhewig aan dalende marginale produktiwiteit, terwyl inkomste op sy beurt onderhewig is aan dalende marginale nut (Knight, 1957) alhoewel die dalende marginale nut (tydens uitbreidings-fases) oor sekere periodes tydelik deur stygende marginale nut onderbreek word (Friedman & Savage, 1962).

Die opdoen van kennis, onder andere deur rekordhouding behels 'n koste wat bestaan uit direkte finansiële koste asook die geleentheidskoste aan die tyd en moeite waarmee dit gepaard gaan; die boer kan die tyd aanwend vir ander produktiewe doeleindes of vir ander aktiwiteite, soos vryetydsbesteding. Hierdie aktiwiteit is onderworpe aan stygende marginale koste (Knight, 1957). Die omvang van sy rekordhoudingsaktiwiteit sal volgens verwagting bepaal word waar die subjektief bepaalde marginale nut gelyk is aan die subjektief bepaalde marginale koste (Bradford & Johnson, 1964).

Die marginale nut kurwes van boere kan van mekaar verskil aangesien daar verskille kan wees in die doeltreffendheid waarmee die inligting aangewend word, daar verskille in persepsie aangaande die toereikendheid van 'n sekere inligtingspeil kan bestaan (Louw & Düvel, 1976) en verskillende subjektiewe waardes aan inkomste geheg kan word. Net so kan weens subjektiewe beoordeelings van die negatiewe nut van tyd asook ander faktore, verskillende boere verskillende marginale kostes heg aan die inwin van inligting deur middel van rekords, en die gebruik daarvan vir begrotings, beplanning en beheer. Die situasie kan beskryf word deur kurwes soos in Figuur 1.

Boer A heg 'n groter nut (MN(A)) en laer subjektiewe waarde aan die koste (MK(A)) as boer B (MN(B)) en MK(B)). Gevolglik sal boer A na 'n hoër inligting geïnduseerde netto inkomste strewe as boer B, en vermoedelik dus meer aandag en tyd aan sy rekordhouding bestee.

Op hierdie stadium is dit egter belangrik om empiries te bepaal of die gehalte van rekordhouding werklik, soos gehipotetiseer, 'n positiewe uitwerking op die boere se finansiële resultate gehad het. Slegs as dit wel die geval is, is daar regverdiging om rekordhouding aktief te propageer. Dit word gedoen deur die verwantskap tussen die gehalte van rekords met NBI per hektaar, verandering in solvabiliteit en bate-lasteverhouding te meet.

Die verwantskap tussen die verskillende vorms van rekordhouding en NBI per hektaar word in Tabel 3 saamgevat. Daaruit blyk dat die korrelasies, met die uitsondering van weidingsrekords en kontantvloei, hoogs betekenisvol is. In die geval van weidingsrekords (slegs een boer hou goeie weidingsrekords) verhinder beperkte variasie sinvolle afleidings maar in die geval van kontantvloei, dui die afwesige verwantskap daarop dat laasge-

noemde in hierdie steekproef waarskynlik minder met doeltreffende produksie as met finansiële oorlewing te make het. Die finansiële swakker boer is waarskynlik meer genoodsaak tot kontantbegroting, en hy word trouens in gevalle daartoe gedwing as een van die vereistes tot kredietverskaffing. Die afwesige korrelasie (of wat selfs neig om negatief te wees) tussen rekordhouding en NBI per hektaar ( $r = -0,14$ ;  $p = 0,24$ ) en die feit dat die kategorie respondente met die laagste NBI die hoogste geweegde gemiddelde t.o.v. kontantvloei-begroting het, gee aanduidings van so 'n verskynsel. Die oorwegend betekenisvol positiewe verwantskappe tussen rekordhouding en NBI per hektaar regverdig die afleiding dat rekordhouding potensieel 'n belangrike bydrae tot boerderysukses lewer.


Wat die ander twee maatstawwe van boerderysukses aanbetref, dui die bevindings in Tabel 4 op baie min betekenisvolle verwantskappe. Die negatiewe korrelasie tussen kontantvloei-begroting en die bate-lasteverhouding ( $r = -0,21$ ;  $p = 0,07$ ) bied verdere getuigenis ter ondersteuning van die afleiding wat reeds ten opsigte van die gegewens in Tabel 3 gemaak is, naamlik dat kontantvloei-begroting eerder deur die finansiële swakker boer gedoen word. Met 'n swak bate-lasteverhouding is 'n kontantvloei-begroting van groter dringendheid, aangesien uitgawes nie aangegaan kan word alvorens eers seker gemaak is dat daar wel nog finansies beskikbaar is; vandaar die negatiewe verwantskap.

### 3.4 Die toepaslikheid van aanbevole rekordhoudingstelsels

Ten spyte van die verwantskap tussen rekordhouding en boerderysukses, laat die algemene traagheid ten opsigte van die aanvaarding of hou van boerderyrekords twyfel ontstaan oor die gepersipeerde toepaslikheid van die aanbevole rekordstelsels. Ook die feit dat rekordhouding in 'n stapsgewyse regressie nie meer as 25,8 persent variasie ten opsigte van boerderysukses kon verklaar nie, gee in 'n sekere opsig addisionele gronde tot die bevraagtekening van die toepaslikheid van rekordhouding, veral wat betref die meer gesofistikeerde vlak daarvan.

Toepaslikheid is nie 'n objektiewe kenmerk as sulks nie, maar hang grootliks af van hoe dit deur die boer of bestuurder gepersipeer word. 'n Aanduiding van hierdie persepsie kan bekom word deur 'n vergelyking van die huidige vlak van rekordhouding met wat respondente as nastrewingswaardig beskou.

In Figuur 2 word die persentasie-gemiddelde van boere se huidige vlak van rekordhouding met hul nagestreefde vlak vergelyk. Die beoordeling van hierdie vlakke is deur die opnemer gedoen, en wel deur die respondent se verduideliking en omskrywings te vergelyk met 'n voorafopgestelde 10-punt skaal.



Figuur 1: Marginale nut en marginale koste verbonde aan rekordhouding


Tabel 3: Die verband tussen verskillende vorms van rekordhouding en NBI per hektaar, Keetmanshoop, 1988 (N=70)

Tipe rekord	r	p	Geweegde gemiddelde <sup>1</sup> per NBI kategorie (frekwensie %)		
			swak	redelik	goed
Kontantvloei	-0,14	0,248	1,878 (70)	1,643 (20)	1,714 (10)
Bemaking	0,38	0,001**	1,458 (34)	1,823 (39)	1,917 (17)
Weiding	0,16	0,175	1,741 (83)	2,273 (16)	1,000 (1)
Siekte	0,25	0,037**	1,796 (70)	1,500 (3)	2,00 (27)
Teling	0,31	0,010**	1,737 (54)	1,667 (13)	2,087 (33)
Voeding	0,43	0,0002**	1,727 (78)	1,750 (6)	2,454 (16)
Algemene bestuur	0,31	0,009**	1,743 (50)	1,500 (17)	2,174 (33)
Finansieel	0,29	0,015**	1,682 (31)	1,579 (27)	2,138 (42)

Bereken deur gewigte aan skaalpunt toe te ken  
 \*\* Hoogsbetekenisvol,  $p \leq 0,01$ .

Die lae algemene vlak van rekordhouding waarna alreeds verwys is, word in Figuur 2 duidelik uitgebeeld. Daaruit blyk ook dat die verskil tussen die doeltreffendheidskategorieë, met NBI/ha as maatstaf, baie gering is. Wat egter opvallend is en die toepaslikheid van gesofistikeerde boerederyrekords ernstig onder verdenking plaas, is die

lae strewes of aspirasies van die respondente. Selfs die doeltreffende boere strewes weinig hoër as die huidige gemiddelde van 42,5 persent. Gemiddeld beskou hulle die vlak van 47,2 persent as goed of goed genoeg, wat natuurlik ver benede die 100 persent peil is wat dikwels as nastrewingswaardig aan boere voorgelê word.



Figuur 2: Die persentasie-gemiddelde van die huidige en gewenste vlak van rekordhouding van respondente in verskillende doeltreffendheidskategorieë, Keetmanshoop, 1988 (N = 70)

Tabel 4: Die verwantskappe tussen verskillende vorms van rekordhouding en onderskeidelik solvabiliteitsverandering en bate-lasteverhouding, Keetmanshoop, 1988 (N = 70)

Tipe rekord	Solvabiliteitsverandering		Bate-lasteverhouding	
	r	p	r	p
Kontantvloei	0,02	0,87	-0,21	0,07
Bemaking	0,02	0,87	-0,01	0,93
Weiding	0,03	0,82	-0,08	0,48
Siekte	0,04	0,77	-0,08	0,48
Teling	0,07	0,55	0,04	0,75
Voeding	0,05	0,70	-0,04	0,74
Algemene bestuur	0,01	0,96	-0,07	0,58
Finansieel	0,07	0,59	-0,16	0,19

Daar kom aansienlike verskille voor, ook binne die doeltreffendheidskategorieë. Tog is dit veelseggend dat die helfte (9) van die hoër-doeltreffendheidskategorie boere na 'n gemiddelde vlak van slegs 24,7 strewe, of dié vlak as voldoende beskou. Hulle is in terme van prestasie egter nie swakker daaraan toe as die ander 8 doeltreffende boere wat in terme van rekordhouding 'n gemiddelde doeltreffendheidsvlak van 64,4 het en 'n gemiddelde van 72,5 persent nastreef nie. Dit wil voorkom asof rekordhouding, veral wanneer op 'n gedetailleerde en gesofistikeerde vlak beoefen, dikwels nie soseer 'n middel tot 'n doel is nie, maar daartoe neig om 'n doel op sigself te word.

#### 4. Gevolgtrekking

Die positiewe verwantskap tussen NBI per hektaar en rekordhouding dui daarop dat rekordhouding potensieel kan bydra tot groter boerderysukses of -wingsgewendheid. Tog is die korrelasies nie besonder hoog en die variasieverklaring beperk.

'n Moontlike verklaring hiervoor is geldigheids- en betroubaarheidsprobleme wat op beide die maatstawwe van rekordhouding en boerderysukses betrekking het. So byvoorbeeld dui die resultate op besliste beperkinge wat die bate-lasteverhouding, solvabiliteitsverandering en

NBI per ha as maatstawwe aanbetref. Dit beklemtoon andermaal die wenslikheid vir die ontwikkeling van 'n algemeen aanvaarbare en geldige maatstaf vir boerdery-sukses. Ook wat rekordhouding aanbetref, is die feit dat die gebruik- of benuttingsintensiteit nie in nog groter besonderhede in aanmerking geneem kon word nie, 'n besliste beperking en kon die resultate beïnvloed het.

Aan die anderkant ontstaan die vraag of gesofistikeerde tipes rekordhouding wat so dikwels as wenslik aanbeveel en voorgelê word, werklik in alle gevalle toepaslik of noodsaaklik is. Min praktyke op die landbou-ontwikkelingsterrein het so 'n tydsloering openbaar of 'n weerstand in terme van aanvaarding beleef soos rekordhouding. Indien aanvaar word dat aanvaarding grootliks 'n funksie van toepaslikheid is (Rogers, 1988), is hierdie vraag geregtig. Dit stem ook tot nadenke dat gemiddeld 42,8 persent van die respondente in die hoë doeltreffendheidskategorie in terme van rekordhouding as swak aangeslaan is. Ten spyte daarvan is hulle suksesvol. Die omgekeerde is ook geldig, naamlik dat sekere boere, ten spyte van goeie rekords, steeds in die kategorie met die laagste NBI per hektaar geëindig het.

Vereenvoudiging van sekere fasette van boerderybestuur mag ook daartoe lei dat die peil van sofistikasie van sekere tipes rekords relatief laag gehou kan word. Die kriterium behoort effektiwiteit vir besluitneming van optrede te wees, en nie sofistikasie nie. Waar Jocum (1992) byvoorbeeld in 'n studie in die Noord-Kaap aantoon dat boere met minder beeskuddes, 'n kleiner persentasie teeldiere in die beeskudde en wat veelvoudige vadersrasse paring toepas, finansiële beter vaar as die ander, kan tereg gevra word of daarvoor sulke verfynde rekords nodig is.

Die waarskynlik mees geldige getuienis ter bevraagtekening van die toepaslikheid van aanbevole rekords is die suksesvolle boere se beperkte strewe t.o.v. die verbetering van hul rekordhouding. Per implikasie kom dit daarop neer dat hulle 'n baie lae vlak van rekordhouding alreeds as voldoende beskou. Miskien is dit ook sinnelees om vreeslike detail rekords oor alles te hou, veral as die tydspek tot bestuursfragmentering kan lei. Dit is immers 'n erkende bestuursbeginsel dat die belangrikste interne bron - die kennisaktiwiteit - gekonsentreer word op daardie aktiwiteite waar dit die grootste effek op resultate sal hê (Drucker, 1986). Dit het sekerlik ook betrekking op rekordhouding en -analise.

Meer opvolgnavorsing is nodig veral om die benutting van rekords meer noukeurig te ondersoek. Die bevindings, hoewel slegs geldig vir die ondersoekgebied, dui egter daarop dat die hou van rekords in ekstensiewe boerdery omstandighede, veral waar hulle kompleks en tydrowend is, dalk oorbeklemtoon word en dat die huiwerigheid van boere om rekords so volledig te hou as wat aanbeveel word, dalk tog nie heeltemal ongefundeerd is nie. Implikasies hiervan is dat die boer se behoeftes, veral van 'n praktiese bestuursoogpunt, in aanmerking geneem behoort te word in die ontwerp en benutting van boerdery-rekordstelsels. Aanvanklik mag 'n eenvoudige rekordstelsel die mees aangewese wees, wat dan progressief meer gesofistikeerd kan word namate die boer se besluitnemingsbehoefte verander en ontwikkel.

#### Verwysings

BOOYSEN, A J. (1982). Boodskapkeuse en -hantering. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouvoorligting, Vol 11:53-58.

BRADFORD, L A & JOHNSON, G L. (1964). Farm management analysis. New York, John Wiley & Sons.

DE WET, P V D M, GROENEWALD, J A & BOSHOFF, A B. (1992). Management behaviour characteristics and financial success or failure in farming - An exploratory study. South African Journal of Agricultural Extension. Vol 21:1-7.

DRUCKER, P F. (1986). Managing for results. New York, Harper & Row.

LOUW, J C & DÜVEL, G H. (1978). Differential Perception: A communication obstacle. South African Journal of Agricultural Extension, Vol 7:3-14.

FRIEDMAN, M & SAVAGE, L T. (1962). The utility analysis of choices involving risk. In : Hamilton, E J, Rees, A & Johnson, H G (Eds). Landmarks in political economy, Volume 2. University of Chicago Press.

KNIGHT, F H. (1957). Risk, uncertainty and profit. Eighth impression. New York, Kelley & Millman.

JOCUM, I. (1992). Integration of biological and ecological principles in economic production systems: Livestock farming in the Vryburg - Kuruman region. MSc (Agric) thesis, University of Pretoria.

MULLER, M A N. (1983). Grasse van Suidwes-Afrika. Windhoek, Hohn Meinart.

ROGERS, E M. (1983). Diffusion of Innovations. London, The Free Press.

#### Summary

The research findings, based on an empirical survey in the arid regions of Namibia, provide evidence supporting the hypothesised positive influence of record-keeping on farming success. This, however, was only the case where NFI per ha was used as indication or measure of success. The other indicators namely the asset-liability ratio and change in the farmer's debt situation proved to be invalid.

In general the level of record-keeping is disappointingly low. The average rating for the different types of records and calculated as a percentage using a 10-point assessment scale, is 39,3 per cent. This, as well as the finding that record-keeping contributes only 25,8 per cent of the variation of farming success (NFI per ha), questions the appropriateness of record-keeping from the farmer's point of view, at least as far as the recommended high level of complexity or sophistication is concerned. In this context it is significant that the most successful or efficient farmers are by and large satisfied with their level of record-keeping (42,5%) and have limited aspiration of improving them, since they on average regard the 50 per cent level already as more than sufficient.

These preliminary results suggest that the importance of complex, time-consuming records could have been over-emphasized. It seems that farmer's needs as far as their practical management and decision-making situation is concerned, should be considered when designing or recommending record systems. Initially a simple system may be appropriate which can become progressively more sophisticated as the farmer's decision-making needs change and develop.